



health

Department:
Health
PROVINCE OF KWAZULU-NATAL

PROMOTION OF ACCESS TO INFORMATION ACT, 2000



MANUAL AFRIKAANS

FIGHTING DISEASE, FIGHTING POVERTY, GIVING HOPE



health

Department:
Health
PROVINCE OF KWAZULU-NATAL

**KWAZULU-NATAL DEPARTEMENT VAN
GESONDHEID
HANDLEIDING INSAKE DIE
WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT
INLIGTING, 2000
(WET NO. 2 VAN 2000)**

Hierdie handleiding is ook beskikbaar in isiZulu en Engels

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding
2. Magtiging en Funksies van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
3. Organisasionele Struktuur van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
4. Kontak Besonderhede van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid en Inligtingsbeampte
5. Gids, ingevolge Artikel 10 van “Die Wet”, ontwikkel deur die Mense Regte Kommissie
6. Toegang tot inligting van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
7. Prosedure om te volg vir die aanvraag van toegang tot rekords van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
8. Rekord kan nie gevind word nie
9. Oordrag van ‘n Aanvraag vir toegang tot ‘n Rekord
10. Fooie betaalbaar vir Aanvraag tot Rekords
11. Uitstel van Toegang tot ‘n Rekord
12. Tydsberaming en Kennis aan ‘n Versoeker
13. Weiering van Toegang tot ‘n Rekord
14. Verlenging van tydperk om te besluit oor versoek
15. Voorskriftelike Weiering van Aanvraag tot ‘n Rekord
16. Diskresionele Weiering van Versoek vir Toegang tot ‘n Rekord
17. Weiering Geag op Versoek tot Inligting
18. Interne Appèl

Bylae

1. Bylae “**A**” – Skematiese Diagram van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
2. Bylae “**B1**” – Kontak Besonderhede van die Provinsiale Hospitale van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
3. Bylae “**B2**” – Kontak Besonderhede van die Distrik Kantore van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
4. Bylae “**B3**” – Kontak Besonderhede van die Gemeenskaps Gesondheid Sentrums van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
5. Bylae “**C**” – Vorm A (Aansoek om Toegang tot Inligting)
6. Bylae “**D**” – Fooie Betaalbaar vir Toegang tot ‘n Rekord
7. Bylae “**E**” – Vorm B (Interne Appèl)

1. INLEIDING

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), (hierna genoem “Die Wet”) was uitgevaardig in terme van Artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (“Die Konstitusie”), wat bepaal dat -

“(1) Enige persoon die reg het tot toegang van –

- (a) inligting wat deur die Staat behou word; en*
- (b) enige inligting wat deur enige ander persoon gehou word, waar hierdie inligting verlang word vir die uitoefening en/of beskerming van enige reg.*

(2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die Staat te verlig.”

Die doel van “Die Wet” is om ‘n gemeenskap te bevorder, waarin die burgers van Suid-Afrika toegang het tot inligting wat hulle in staat sal stel om hulle Grondwetlike reg effektief te beoefen en te beskerm.

“Die Wet” is op 2 Februarie 2000 deur Parlement aangeneem in ooreenstemming met Artikel 32 van die Grondwet, om gevolg te gee aan die regte wat daarin vasgelê is. Met uitsondering van Artikels 10, 14, 16 en 51, het “Die Wet” effek geneem op 9 Maart 2000, met die oorblywende Artikels wat op 15 Februarie 2002, effek geneem het.

“Die Wet” mag deur enige persoon gebruik word, wat inligting verlang van ‘n openbare of privaat liggaam binne in die Republiek. In terme van “Die Wet”, word die persoon wat toegang tot inligting versoek, die “versoeker” genoem.

Daar is ‘n vereiste dat elke openbare en privaat liggaam ‘n handleiding sal saamstel, in ten minste 3 (drie) van die amptelike tale van Suid Afrika, waarin daar verduidelik word hoe “Die Wet” gebruik kan word om toegang tot inligting te bekom.

Hierdie handleiding is saamgestel om bystand te verleen aan enige versoeker wat inligting wil bekom van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid, wat ‘n openbare liggaam is. Hierdie Handleiding is beskikbaar in Afrikaans, isiZulu en Engels.

Let wel, hierdie Handleiding bevat nie inligting oor hoe om ‘n versoek aan ander openbare en privaat liggame te rig nie. Indien ‘n versoeker ‘n versoek aan ‘n ander openbare (buiten die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid) of privaat liggaam wil rig, moet die versoeker ‘n afskrif van die handleiding van daardie spesifieke openbare of privaat liggaam aanvra.

Hierdie Handleiding is in afdelings opgedeel, om dit vir die versoeker te vergemaklik.

2. MAGTIGING EN FUNKSIES VAN DIE KWAZULU-NATAL DEPARTEMENT VANGESONDHEID

- 2.1. Die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid vorm deel van die KwaZulu-Natal Provinsiale Regering en die doel is om 'n volhoudende, ge-koördineerde en algehele gesondheidsstelsel op alle vlakke te ontwikkel, binne die Provinsie van KwaZulu-Natal, wat op Primêre Gesondheids Sorg gebasseer is.

Die Departement se visie is om optimale gesondheidsstatus vir alle persone in die Provinsie van KwaZulu-Natal te bekom. Die kernwaardes van die Departement is:

- vertrou wat op die waarheid, integriteit en rekonsiliasie gebou is;
- oop kommunikasie, deursigtigheid en konsultasie;
- toewyding tot prestasie; en
- die vrywilligheid om te leer, te verander en te hernu.

- 2.2 Om die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid se visie, missie en kernwaardes te bereik, is die Departement verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van nasionale en provinsiale gesondheids beleid, norme, raamwerke en standaarde, binne die Provinsie se beskikbare bronne, om die toegang tot progressiewe gesondheidsdienste te verwesenlik. Die Departement is verantwoordelik om toeganklike en algehele provinsiale, openbare gesondheidsdienste te verskaf. Die Departement is toegewyd aan deursigtigheid in die ontwikkeling en implementering van gesondheidsbeleid en praktyke.

2.3 Wetgewende Mandaat van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid

Die wetgewende mandaat van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is saamgevat in, onder andere, die volgende wetgewing –

Wet op Abattoir Higiëne, 1992 (Wet No. 121 van 1992)

Wet op Basiese Onderwys en Opleiding van Volwassenes, 2000 (Wet No. 52 van 2000)

Wet op Lugkwaliteit, 2004 (Wet No. 39 van 2004)

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet No. 75 van 1997)

Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992)

Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet No. 53 van 2003)

Kinderwet, 2005 (Wet No. 38 van 2005)

Chiropraktisyns, Homeopate en Verwante Gesondheidsberoepes Wysigingswet, 1995

(Wet No. 40 van 1995)

Wet op Keuse oor Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996)

Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siekte, 1993 (Wet No. 130 van 1993)

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Wet op die Raad van Mediese Skema Bydraes, 2000 (Wet No. 58 van 2000)

Wet op Tandtegniesie, 1979 (Wet No. 19 van 1979)

Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002)

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet No. 55 van 1998)

Wet op Voedingsmiddels, Skoonmaakmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972)

Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes, 1997 (Wet No. 15 van 1997)

Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet No. 15 van 1973)

Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974)

Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997)

Wet op Menslike Weefsel, 1983 (Wet No. 65 van 1983)

Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet No. 58 van 1959)

Wet op die Raamwerk vir Interowerheidsverhoudinge, 2005 (Wet No. 13 van 2005)

KwaZulu-Natal Wet op Begraafplase en Krematoriums, 1996 (Wet No. 12 van 1996)

KwaZulu-Natal Provinsiale Argiefwet, 2000 (Wet No.5 van 2000)

Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995)

Drankwet, 2003 (Wet No. 59 van 2003)

Wysigingswet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1995 (Wet No. 18 van 1995)

Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998)

Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965)

Wet op Geestesgesondheidsorg, 2002 (Wet No. 17 van 2002)

Nasionale Argiewe Wet van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996)

Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977)

Nasionale Gesondheidswet, 2003 (Wet No. 61 van 2003)

Wet op Nasionale Gesondheids Laboratorium Dienste, 2000 (Wet No. 37 van 2000)

Wet op Verpleging, 2005 (Wet No. 33 van 2005)

Wet op Aptekers, 1974 (Wet No. 53 van 1974)

Verjaringswet, 1969 (Wet No. 68 van 1969)

Wet op Voorkoming en Behandeling van Dwelmafhanklikheid, 1992 (Wet No. 20 van 1992)

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000)

Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet No. 4 van 2000)

Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet No. 3 van 2000)

Wet op Beskermende Bekendmakings, 2000 (Wet No. 26 van 2000)

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)

Wet op die Openbare Beskermer, 1994 (Wet No. 23 van 1994)

Staatsdienswet (Proklamasie 103 van 1994)

Padongelukkefondswet, 1996 (Wet No. 59 van 1996)

Wet op Ontwikkeling van Vaardighede, 1998 (Wet No. 97 van 1998)

Wet op Heffings vir die Ontwikkeling van Vaardighede, 1999 (Wet No. 9 van 1999)

Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995)

Wet op die Staatsinligtingstegnologie Agentskap, 2002 (Wet No. 38 van 2002)

Sterilisasiewet, 1998 (Wet No. 44 van 1998)

Wet op Tradisionele Gesondheidspraktisyns, 2007 (Wet No. 22 van 2007)

Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet No. 83 van 1993)

2.4 Funksies van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid

2.4.1 Die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid het drie kern funksies:

- a) die distriksgesondheidstelsel;
- b) nood mediese reddingsdienste; en
- c) Institusionele ondersteuningsdienste, wat insluit, maar nie beperk is tot administrasie en bestuur van distrikte, plaaslike tersiêre en gespesialiseerde hospitale nie.

2.4.2 Die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid val binne die portefeulje van die Lid van die KwaZulu-Natal Uitvoerende Raad d.w.s. die LUR van Gesondheid. Die Hoof van die Departement is die rekenpligtige beampte vir die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid en is verantwoordelik vir die algehele administrasie en bestuur van die Departement. Die Departement se hoof administratiewe kantore is geleë in Pietermaritzburg, met addisionele gesondheids distrik kantore geleë regdeur die Provinsie soos voorgeskryf in punt 7 van hierdie Handleiding.

2.4.3 Die gesondheids distrikte is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die distrik gesondheidstelsel.

2.4.4 Die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid het ook 'n verskeidenheid gemeenskaps gesondheidsdienste wat geadministrateer word deur die gesondheids distrikte wat in hierdie afdeling genoem word.

2.4.5 Die distrik gesondheidstelsel is gebaseer op die voorsiening van algehele provinsiale gesondheids dienste, wat primêre gesondheidsdienste insluit. Die eerste kontakpunt vir openbare gesondheidsdiens verbruikers, is die kliniek wat in die geografiese area geleë is van daardie gesondheidsdiens verbruiker. Die gesondheidsdiens verbruiker word behandel by die kliniek in sy/haar area, afhangend van die vereistes van daardie gesondheidsdiens verbruiker. 'n Gesondheidsdiens verbruiker mag na 'n gemeenskaps gesondheidsentrum verwys word, indien 'n kliniek nie daardie gesondheidsdiens verbruiker kan help nie. Indien die gemeenskaps gesondheidsentrum dan nie die openbare gesondheidsdiens verbruiker kan help nie, mag daardie gesondheidsdiens verbruiker na 'n distrik hospitaal verwys word.

2.4.6 Indien 'n distrik hospitaal nie 'n openbare gesondheidsdiens verbruiker kan

help nie, kan hy/sy na 'n streekshospitaal verwys word vir behandeling. Indien die streekshospitaal nie die gesondheidsdiens verbruiker kan help nie, kan hy/sy na 'n provinsiale tersiêre hospitaal verwys word wat deur algemene en spesialistiese personeel beman word. Indien die provinsiale tersiêre hospitaal nie die gesondheidsdiens verbruiker kan help nie, kan hy/sy na 'n sentrale hospitaal verwys word wat multi-spesialiteits kliniese dienste verskaf. 'n Openbare gesondheidsdiens verbruiker mag ook na 'n gespesialiseerde hospitaal verwys word, wat hospitale insluit wat spesialiseer in kroniese sielkunde, herstellende siektes, tuberkulose, gespesialiseerde ruggraat beserings of akute aansteeklike sorg.

2.4.7 Nood mediese reddingsdienste word deur die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid aangebied deur die KwaZulu-Natal Nood Mediese Reddingsdienste.

2.4.8 Die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid bied 'n verskeidenheid gemeenskaps gesondheidsdienste aan wat deur die gesondheids distrikte ge-administrateer word en sluit in:

- a) Kroniese Siektes en Geriatrie
- b) Oordraagbare Siekte Beheer
- c) Omgewingsgesondheid
- d) Gesondheidsbevordering
- e) Moeder, Kind en Vroue Gesondheid
- f) Geestesgesondheid
- g) Voeding
- h) Beroepsgesondheid en-veiligheid
- i) Mondgesondheid
- j) Rehabilitasie

3. ORGANISASIONELE STRUKTUUR VAN DIE KWA-ZULU-NATAL DEPARTEMENT VANGESONDHEID

Die huidige organisasionele struktuur/skematiese diagram vir die Departement is aangeheg as Bylae "A" tot hierdie handleiding.

4. KONTAK BESONDERHEDE VIR DIE KWAZULU-NATAL DEPARTEMENT VANGESONDHEID INLIGTINGSBEAMPTTE

4.1 Die Inligtingsbeampte vir die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is Dr M. Gumede, ook die Hoof van Gesondheid. Addisionele Adjunk-Inligtingsbeamptes (AIB's) sal mettertyd aangewys word. Hierdie Handleiding sal dienooreenkomstig opgedateer word om die besonderhede van die nuwe AIB's in te sluit.

4.2 Die Departement se fisiese adres is:

***KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
Natalia Gebou
Langalibalele Straat 330
Pietermaritzburg
3201***

4.3 Die Departement se posadres is:

***KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid
Privaatsak X9051
Pietermaritzburg
3200***

4.4 Die Departement se hoof telefoon nommer is (033) 395 2111. Versoekers wat aansoek doen om inligting van die Departement, kan 'n faks stuur aan die Algemene Bestuurder: Regsdienst Eenheid op nommer: (033) 3952782.

4.5 Die e-pos adres vir versoekers wat inligting van die Departement versoek is: Steve.Mkasi@kznhealth.gov.za

4.6 Die kontak besonderhede vir die Provinsiale Hospitale van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is aangeheg as Bylae "B1" tot hierdie Handleiding.

4.7 Die kontak besonderhede vir die Distrik Kantore van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is aangeheg as Bylae "B2" tot hierdie Handleiding.

4.8 Die kontak besonderhede vir die Gemeenskaps Gesondheid Sentrums van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is aangeheg as Bylae "B3" tot hierdie Handleiding.

5. GIDS, INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN "DIE WET", ONTWIKKEL DEUR DIE MENSE REGTE KOMMISSIE

5.1 'n Gids op hoe om die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting te gebruik, is gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Mense Regte Kommissie en is beskikbaar vanaf hulle webtuiste te www.sahrc.org.za. Hierdie gids verskaf inligting op, onder andere:

- a) Die bepalings en doel van "Die Wet";
- b) Die adres en kontak besonderhede van alle Inligtingsbeamptes in die Republiek van Suid-Afrika;
- c) Die prosedures vir aanvraag van inligting;
- d) Die bystand wat kan verwag word van die Inligtingsbeamptes en die Mense Regte Kommissie;
- e) Die prosedures vir appèl;
- f) Die aard van die rekords wat aangevra kan word; en
- g) Die fooie betaalbaar vir die aanvraag van inligting.

5.2 Die kontak besonderhede vir die Suid-Afrikaanse Mense Regte Kommissie is –

***Die Suid-Afrikaanse Mense Regte Kommissie
Bevordering van Toegang tot Inligting Eenheid
Privaat Sak X2700
Houghton
2041
Tel: (011) 484 8300
Faks: (011) 484 7149***

KwaZulu-Natal Kantore:
1^{ste} Vloer, Victoria Embankment 136
Durban
Tel: (031) 304 7323/4/5
Faks: (031) 304 7323
Kontak Persoon: Mduduzi Sibisi (e-pos: msibisi@sahrc.org.za)

6. TOEGANG TOT INLIGTING VAN DIE KWAZULU-NATAL DEPARTEMENT VANGESONDHEID

6.1 Onderwerpe en kategorieë van rekords en inligting wat deur die Departement gehou word en automatiese beskikbare rekords –

6.1.1 Die onderwerpe en kategorieë van rekords wat deur die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid gehou word, is as volg –

- (a) Finansiële rekords van die Departement
- (b) Audit verslae
- (c) Strategiese- en jaarlikse verslae
- (d) Verkrygingsrekords
- (e) Wetgewing van toepassing op die Departement
- (f) Agendas en notules van vergaderings van die Departement
- (g) Publikasies van die Departement
- (h) Interne beleid van die Departement
- (i) Statutêre rekords
- (j) Gesondheids navorsings verslae
- (k) Litigasie rekords
- (l) Staatskoerante
- (m) Billike Indiensneming Planne
- (n) Register katalogus van lêers
- (o) Personeelrekords van werknemers van die Departement

6.1.2 Die volgende kategorieë van rekords van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is automaties beskikbaar, in terme van “Die Wet”, sonder dat ‘n versoeker toegang daarvoor hoef aan te vra –

- a) Jaarlikse verslae van die Departement
- b) Jaarlikse finansiële state en verslae van die Departement
- c) Jaarlikse Prestasie Plan van die Departement
- d) Toesprake van die LUR vir Gesondheid, KwaZulu-Natal
- e) Strategiese Planne vir die Departement van Gesondheid
- f) Epidemiologiese profiel van KwaZulu-Natal
- g) Departementele Handleidings en Prosedures
- h) Departementele materiaal op bevordering en bewustheid van gesondheid
- i) Mediavystellings van die Departement
- j) Nuusbriewe van die Departement

6.1.3 Party van die automatiese beskikbare dokumente is vrylik toeganklik vanaf die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid se webtuiste te www.kznhealth.gov.za

7. PROSEDURES OM TE VOLG VIR DIE AANVRAAG VAN TOEGANG TOT 'N REKORD VAN DIE KWAZULU-NATAL DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

- 7.1 Sou 'n versoeker toegang tot 'n rekord van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid verlang, moet hy of sy 'n skriftelike versoek, insluitend die voorgeskrewe fooi, rig aan die Inligtingsbeampte, wie se kontak besonderhede aangebring is onder punt 3 in hierdie Handleiding.
- 7.2 'n Versoeker wat graag 'n versoek wil rig, moet gebruik maak van **Vorm A**, wat ingesluit is in hierdie Handleiding as Bylae "C". **Vorm A** kan ook bekom word vanaf die Departement van Gesondheid se webtuiste te www.kznhealth.gov.za of 'n afskrif mag aangevra word vanaf Mev. M. Wilson te (033) 395 2744.
- 7.3 Die versoeker moet genoeg inligting verskaf op **Vorm A** om die Inligtingsbeampte in staat te stel om die volgende te identifiseer –
- a) die rekord wat aangevra word, 'n beskrywing van die rekord, 'n verwysings nommer (indien enige) en enige verdere besonderhede oor die rekord moet deur die versoeker verskaf word;
 - b) alle kontak besonderhede van die versoeker moet verskaf word; en
 - c) die vorm van toegang wat die versoeker verlang, dit is, indien die:
 - i) rekord in geskrewe of gedrukte vorm is, of die versoeker afskrifte wil maak van die rekord of dit net wil nagaan;
 - ii) rekord in visuele beeld voorkom, wat foto's, skyfies, video opnames, rekenaar gegenereerde beelde of sketse kan wees, of die versoeker die beelde wil nagaan, afskrifte maak daarvan of transkripsies van die beelde wil bekom;
 - iii) rekord 'n opname is van woorde of inligting wat deur klank geproduseer kan word, of die versoeker na die klankbaan wil luister of 'n skriftelike of gedrukte transkripsie van die klankbaan wil bekom; of
 - iv) rekord op 'n rekenaar gehou word of in elektroniese formaat, of die versoeker 'n gedrukte afskrif van die rekord, 'n gedrukte afskrif van inligting verkry vanaf die rekord of 'n afskrif in elektroniese leesbare vorm, wil bekom.
- 7.4 Die versoeker moet ook aandui in watter taal hy/sy die rekord wil bekom. Sou die rekord nie beskikbaar wees in die taal wat die versoeker verkies nie, mag toegang tot die rekord gegee word in die taal waarin die rekord beskikbaar is.
- 7.5 'n Versoeker wat ongeletterd is of andersins nie in staat is om 'n skriftelike versoek vir toegang tot 'n rekord te rig nie, vir watter rede ookal, moet deur die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte bygestaan word om die versoek in skrif aan te bring op die voorgeskrewe vorm, waarvan 'n afskrif aan die versoeker gegee moet

word.

7.6 Die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte moet 'n persoon, wat redelike bystand nodig het om aanvraag te maak op 'n rekord, bystand bied. Bystand moet gratis gebied word.

7.7 Na die indiening van die versoek deur die versoeker, moet die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte die aansoek binne 30 dae vanaf die datum van ontvangs van die versoek, verwerk.

8. REKORD KAN NIE GEVIND WORD NIE

Indien 'n rekord nie gevind kan word nie, moet die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte, by wyse van beëdigde verklaring of bevestiging, die versoeker in kennis stel dat dit nie moontlik is om toegang te gee tot die rekord nie.

9. OORDRAG VAN 'N AANVRAAG VIR TOEGANG TOT 'N REKORD

9.1 Die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte mag die aanvraag aan die relevante liggaam oordra waar die aangevraagde rekord:

- a) nie onder die beheer van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid is nie;
- b) meer ten nouste verbind is met die funksies van 'n ander openbare liggaam; of
- c) kommersiële inligting bevat waarin 'n ander openbare liggaam 'n groter belangstelling het.

9.2 'n Oordrag van aanvraag moet deur die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte gemaak word binne 14 dae vanaf die versoek ontvang is en die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte moet die versoeker in kennis stel van die oordrag van die versoek, die rede vir die oordrag en die tydperk waarin die versoek aangespreek moet word.

10. FOOIE BETAALBAAR VIR TOEGANG TOT REKORDS

10.1 Die aanvanklike fooi betaalbaar deur 'n versoeker, buiten 'n persoonlike versoeker, vir 'n rekord is soos aangedui in Bylae "D" tot hierdie Handleiding. 'n Persoonlike versoeker is 'n persoon wat inligting oor hom of haarself versoek, en hoef nie die aanvanklike fooi te betaal nie. Alle versoekers, behalwe diegene wat vrygestel is in terme van Artikel 22(8)(a) van "Die Wet", moet die voorgeskrewe fooie betaal om 'n rekord te bekom.

10.2 Waar 'n versoeker 'n appèl wil dien teen betaling van die aanvanklike fooi, mag die versoeker 'n aansoek rig aan die hof teen die betaling van die fooi.

11. UITSTEL VAN TOEGANG TOT 'N REKORD

Toegang mag uitgestel word waar 'n rekord nog nie beskikbaar is nie.

12. TYDRAAMWERKE EN KENNIS AAN 'N VERSOEKER

Die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte moet binne 30 dae besluit om die versoek toe te staan en moet dan kennis aan die versoeker stuur. Waar toegang toegestaan word, moet die kennisgewing aandui:

- a) dat die toegangsfooï, indien enige, betaal moet word sodra toegang verleen word;
- b) die vorm waarin toegang verleen word; en
- c) dat die versoeker 'n interne appèl mag rig aan die Departement of 'n aansoek aan die hof mag rig teen die betaalbare toegangsfooï of die vorm waarin die toegang toegestaan is.

13. WEIERING VAN TOEGANG TOT 'N REKORD

As toegang tot 'n rekord nie toegestaan mag word nie, moet die kennisgewing deur die Inligtingsbeampte or Adjunk-Inligtingsbeampte:

- a) voldoende redes gee vir die weiering;
- b) uitsluitend van die redes, enige verwysing na die inhoud van die rekord; en
- c) meld dat die versoeker 'n interne appèl mag indien by die Departement of 'n aansoek mag rig aan die hof teen die weiering van 'n versoek, en die versoeker in kennis stel van die prosedure wat gevolg moet word om 'n interne appèl of aansoek in te dien.

14. VERLENGING VAN DIE TYDPERK OM TE BESLUIT OOR DIE VERSOEK

Die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte mag die periode van 30 dae, waarin daar besluit moet word oor die versoek, verleng indien:

- a) die versoek vir 'n groot aantal rekords is en voldoening sal onredelik inmeng met die aktiwiteite van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid;
- b) die versoek 'n soektog verg, of 'n versameling van rekords in 'n kantoor wat nie in dieselfde dorp of stad geleë is as die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte nie, en dat daar nie verwag kan word dat die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte die versoek binne die aanvanklike 30 dae kan voltooi nie;
- c) konsultasies noodsaaklik is tussen afdelings van die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid en enige ander openbare liggaam en dat daar nie verwag kan word dat die Inligtingsbeampte hierdie konsultasies kan voltooi binne die aanvanklike 30 dae nie; of
- d) dat die versoeker skriftelik tot die verlenging toestem.

15. VOORSKRIFTELIKE WEIERING VAN AANVRAAG TOT 'N REKORD

Die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte moet toegang tot 'n rekord weier, wanneer die aanvraag vir toegang tot inligting die openbaarmaking sal insluit van:

- a) persoonlike inligting van 'n derde party;
- b) handelsgeheime van 'n derde party;
- c) finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, buiten handelsgeheime, waarvan die openbaarmaking van hierdie inligting waarskynlik leed sal aanrig tot die kommersiële of finansiële belange van 'n derde party;
- d) inligting, wat 'n rekenaar program is, wat deur 'n privaat liggaam besit word;
- e) inligting wat vertroulik deur 'n derde party verskaf is, waarvan die openbaarmaking daarvan rederlikerwys verwag kan word om die derde party tot 'n nadeel te plaas in kontraktuele of ander onderhandelinge, of afbreuk te maak aan die derde party in kommersiële mededinging;
- f) inligting wat 'n skending van die plig van 'n vertroue is, verskuldig aan 'n derde party;
- g) inligting wat rederlikerwys verwag kan word om 'n individu se lewe of fisiese veiligheid in gevaar te stel;
- h) 'n rekord, indien toegang tot die rekord verbied word in terme van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);
- i) inligting wat geprivilegieerd is van voorlegging in geregtelike verrigtinge tensy die geaffekteerde persoon die voorreg kwytgeskeld het, wat beteken dat die geaffekteerde persoon skriftelike toestemming moet gee om die inligting bekend te maak; of
- j) inligting oor navorsing wat uitgevoer word of waarskynlik uitgevoer sal word deur of namens 'n derde party, waarvan die openbaarmaking daarvan waarskynlik die derde party sal blootstel, of die persoon wat die navorsing uitvoer of die onderwerp van die navorsing tot 'n ernstige nadeel sal plaas.

16. DISKRESIONELE WEIERING VAN AANVRAAG TOT TOEGANG TOT 'N REKORD

16.1 Die Inligtingsbeampte / Adjunk-Inligtingsbeampte mag toegang tot 'n rekord weier waar toegang tot inligting die openbaarmaking sal insluit van:

- a) inligting wat in vertroue verskaf is deur 'n derde party, waarvan die openbaarmaking daarvan rederlikerwys verwag kan word om die verskaffing van soortgelyke inligting of inligting van dieselfde bron wat in die openbare belang is dat soortgelyke inligting of inligting van dieselfde bron aanhou verskaf word, te benadeel;
- b) inligting, waarvan die openbaarmaking waarskynlik 'n nadeel sal hê op:

- i) die sekuriteit van 'n gebou, struktuur of stelsel, wat 'n rekenaarsstelsel kan wees, middel van vervoer of enige ander eiendom; of
- ii) metodes, stelsels, plan of prosedures vir die beskerming van 'n individu in 'n getuiebeskermingsprogram, die veiligheid van die publiek of die sekuriteit van eiendom;
- c) 'n rekord van die metodes, tegnieke of handleidings vir die voorkoming, opsporing, besnoeiing of 'n ondersoek van 'n oortreding of moontlike oortreding van die wet of die vervolging van 'n beweerde oortreder;

- d) 'n rekord op die vervolging van 'n beweerde oortreder, waarvan die openbaarmaking daarvan moontlik die vervolging kan belemmer of lei tot 'n miskraam van geregtigheid;
- e) 'n rekord, waarvan die openbaarmaking redelijkerwys verwag kan word om:
 - i) die ondersoek van 'n oortreding of moontlike oortreding van die wet te benadeel;
 - ii) 'n bron te openbaar of 'n persoon in staat te stel om 'n konfidensiële bron te identifiseer wat verwantskap het tot die handhawing of administrasie van die gereg;
 - iii) te lei tot die intimidasie of dwang van 'n getuie of 'n persoon wat as getuie geroep kan word in kriminele of ander verrigtinge om die wet toe te pas;
 - iv) die wet te oortree; of
 - v) 'n verhoor te benadeel, die regverdigheid te verswak of die onpartydigheid van 'n beslissing te beïnvloed;
- f) inligting, waarvan die openbaarmaking die verdediging, sekuriteit of internasionale verhoudings van die Republiek van Suid-Afrika kan benadeel;
- g) inligting, waarvan die openbaarmaking waarskynlik die ekonomiese of finansiële belange van die Republiek van Suid-Afrika, of die vermoë van die regering om die ekonomie van die Republiek van Suid-Afrika te bestuur, wesenlik in gevaar te stel;
- h) inligting, wat:
 - i) handelsgeheime van die staat of 'n openbare liggaam bevat;
 - ii) finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat, buiten handelsgeheime, waarvan die openbaarmaking daarvan waarskynlik skade sal aanrig tot die kommersiële of finansiële belange van die staat of openbare liggaam;
 - iii) 'n openbare liggaam kan benadeel in kontraktuele of ander verhoudings of 'n openbare liggaam tot nadeel kan plaas in kommersiële kompetisie;
 - iv) 'n rekenaar program is, soos omskryf in die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), wat deur die staat of openbare liggaam besit word;
- i) inligting oor navorsing wat uitgevoer word of waarskynlik uitgevoer sal word deur of namens 'n derde party, waarvan die openbaarmaking daarvan waarskynlik die openbare liggaam sal blootstel, of die persoon wat die navorsing uitvoer of die onderwerp van die navorsing tot 'n ernstige nadeel sal plaas; of
- j) inligting oor 'n rekord van 'n openbare liggaam wat 'n opinie, advies, verslag of aanbeveling verkry of voorberei, of 'n rekening van 'n konsultasie, bespreking, beraadslaging of notules van vergaderings oor die formulering van 'n beleid of 'n besluitneming in die uitoefening van gesag, of the uitvoering van 'n plig soos voorgeskryf deur die reg, bevat, waarvan die openbaarmaking daarvan waarskynlik die proses van beraadslaging of die sukses van 'n beleid kan frustreer.

16.2 In die geval van versoeke op mediese rekords van pasiënte –

- (a) mag die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte, in terme van artikel 30 van “Die Wet”, met die toepaslike gesondheidsorg praktisyn konsulteer aangaande die verlening van

toegang tot 'n rekord, waar hy of sy van die opinie is dat die verlening van toegang tot die rekord ernstige skade tot 'n persoon se fisiese of geestelike gesondheid of welstand kan veroorsaak;

- (b) indien die gesondheidsorg praktisyn van die opinie is dat die verlening van toegang tot 'n rekord waarskynlik ernstige skade kan veroorsaak aan 'n persoon se fisiese of geestelike gesondheid of welstand, mag die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte slegs toegang tot die rekord verleen waar die versoeker kan bewys dat voldoende voorsiening gemaak is vir berading of ander reëlins getref is wat die skade sal beperk, verlig of vermy.

16.3 Die Inligtingsbeampte of Adjunk Inligtingsbeampte mag 'n versoek vir toegang tot 'n rekord weier indien die versoek klaarblyklik ligsinnig of hinderlik is, of die werk wat betrokke is in die verwerking van die versoek aansienlik en onredelik die KwaZulu-Natal Departement van Gesondheid se hulpbronne sal aflei.

17. WEIERING GEAG OP VERSOEK TOT INLIGTING

17.1 Indien die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte versuim om 'n besluit te gee op 'n versoek tot inligting binne 30 dae, het die Inligtingsbeampte weiering geag op die versoek.

18. INTERNE APPÈL

18.1 'n Versoeker mag 'n interne appèl indien:

a) teen –

- i) 'n weiering van 'n versoek;
- ii) 'n besluit van die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte wat versoek tot toegang geweier het; of
- iii) 'n weiering geag op 'n versoek.

b) met betrekking tot die voorgeskrewe versoek fooi;

c) teen 'n verlenging van tydperk om die versoek te hanteer; of

d) die vorm van toegang tot 'n rekord.

18.2 'n Derde party mag ook 'n appèl indien teen 'n besluit wat toegestaan is vir 'n versoek tot toegang aan 'n versoeker.

18.3 'n Interne appèl moet op die voorgeskrewe **Vorm B (Bylae "E")** ingedien word binne 60 dae vanaf die datum waarop die Inligtingsbeampte of Adjunk-Inligtingsbeampte sy of haar besluit aan die versoeker gekommunikeer het.

18.4 'n Versoeker wat 'n interne appèl ingedien het en nie tevrede is met die besluit van die Departement nie, mag aansoek doen om gepaste regshulp by 'n hof, in terme van artikel 78 van "Die Wet", binne 30 dae van die besluit van die interne appèl. 'n Versoeker of derde party verwys, mag slegs aansoek doen by 'n hof vir gepaste regshulp in terme van artikel 82 van "Die Wet", nadat die versoeker of derde party die interne appèlprosedure teen 'n besluit van die Inligtingsbeampte uitgeput het.

MEMBER OF THE EXECUTIVE COUNCIL FOR HEALTH (MEC)

KWAZULU NATAL DEPARTMENT OF HEALTH

PURPOSE:
 TO ENSURE THE PROVISION OF HEALTH SERVICES IN THE KWAZULU-NATAL PROVINCE.

FUNCTIONS:

1. Ensure and account for the provision of specialised and clinical support services in the department
2. Ensure and account for delivery of integrated health services and programmes at all level of care based on the Primary Health Care Approach through the District Health System;
3. Ensure the provision of effective financial management services in the department as an Accounting Officer
4. Ensure the provision of corporate management services
5. Ensure the provision of risk management services in the Department
6. Ensure the provision of infrastructure development, maintenance & technical support services
7. Ensure the provision of technical executive support services

1x Superintendent General (Head of Dept.) (16)

Executive Support Services

Branch
Specialised Services and Clinical Support
 1x Deputy Director General: Specialised Services and Clinical Support (15)

Branch
District Health Services
 1x Deputy Director General: District Health Services (15)

Branch
Financial Management Services
 1x Deputy Director General: Financial Management Services(15)

Branch
Corporate Management Services
 1x Deputy Director General: Corporate Man. Services(15)

Chief Directorate
Risk Assurance Management
 1x Chief Director: Risk Assurance Management (14)

Chief Directorate
Infrastructure Development Maintenance and Technical Services
 1x Chief Director: Infrastructure Dev. Maintenance & Technical Services

KONTAKBESONDERHEDE VAN PROVINSIALE HOSPITALE

Hospitaal	Kategorie	Aantal beddens	Hospitaal Bestuurder	Posadres	Fisiese adres	Aanwysings	Tel/Sel/Faks nommer	E-pos
A								
<u>Addington Hospitaal</u>	Streeks-	571	Dr M Ndlangisa	Posbus 977 Durban 4000	Erskine Terras, Suid Strand, Durban	Volg Victoria-straat tot by Winder-straat en dan tot by Rochester-straat. Regs in Gillespe-straat en links in Rutherford-straat. Regs in Erskine Terras 16. Die hospital is aan die regterkant.	Tel: (031) 327 2000 Faks:(031) 327 2387	Mthetheleli.Ndlangisa@kznhealth.gov.za
<u>Appelsbosch Hospitaal</u>	Distrik	159	Dr J Ambayi: (Waarnemend)	Privaatsak X215 Ozwathini 3242	Appelsbosch nedersetting	Vanaf PMB, neem Greytown-pad en dan Wartburg-pad. Verby Wartburg, moenie by Dalton afdraai nie, ry voort tot by suikermeule, draai dan regs verby Fawnleas, Glenside, Montebello en Appelsbosch Supermark (links). Kyk uit vir teken vir Appelsbosch Hospitaal	Tel: (032) 294 8000 Faks: (032) 294 0126	Julie.Ambayi@kznhealth.gov.za
B								
<u>Benedictine Hospitaal</u>	Distrik	430	Mnr KZ Dlamini (waarnemend)	Privaatsak X5007 Nongoma 3950	Hoofweg, Nongoma	Nader Nongoma op die P52 vanaf Ulundi. Ry deur die middedorp en hou links by die vurk in die pad. Die hospital is aan die linkerkant +- 1 km	Tel: (035) 831 7000 Faks:(035) 831 0740	khulekani.dlamini@kznhealth.gov.za

						van die vurk.		
<u>Bethesda Hospitaal</u>	Distrik	230	Mev CM Mkwanazi (waarnemend)	Privaatsak X602 Umbombo 3970	Hoofstraat, Ubombo	Van N2 Noord, draai regs na Mkuze, links by T-aansluiting na P2 en ry +- 4 km. Draai regs na P236 en ry +- 12,5 km. Die hospital is aan die regterkant.	Tel: (035) 595 3100 Faks: (035) 595 1973	
C								
<u>Catherine Booth Hospitaal</u>	Distrik	170	Mev TR Zulu	Privaatsak X105 Amathikulu 3801	Amathikulu-gebied	Ry wes vir sowat 1,7 km vanaf Gingindlovu. Draai regs na P266 en ry vir +- 5 km na Amatikulu. Draai regs na D135 en ry vir 10 km tot by die hospitaal.	Tel: 035 474 8407 Faks: (035) 474 7694	Tholakele.Zulu@kznhelath.gov.za
<u>Ceza Hospitaal</u>	Distrik	160	Mnr SP Zulu	Privaatsak X200 Ceza 3866	Ceza-gebied	Ry noord vanaf Ulundi vir +- 17 km en draai regs na P487. Volg pad vir +- 28 km na Ceza. Die hospital is aan die linkerkant.	Tel: (035) 832 5000 Faks: (035) 832 0027	zodwa.mncwango@kznhealth.gov.za
<u>Charles James Hospitaal</u>	Distrik		Dr S Ntshanga (waarnemend)	Privaatsak X20050 Amanzimtoti 4125	Soupukane-weg wat by die Ou Suidkushoofweg aansluit.	Neem N2 Suid. Kingsway-afrit. Draai regs. Volg Kwamakhutha-weg. Draai regs in Ou Suidkushoofweg. Links in Pad 51033, regs in Soukupane-weg.	Tel: (031) 905 4222/3	sbongile.ntshanga@kznhealth.gov.za
<u>Charles Johnson Gedenk-hospitaal</u>	Distrik	349	Me MZ Khanyile	Privaatsak X5503 Nquthu 3135	Lot 92, Hlubi-straat, Nquthu	Vanaf Melmoth deur Babanango na Nquthu op R68 (p291). As jy Nquthu binnekom,	Tel: (034) 271 6400 Faks: (034) 271 0234	zodwa.khanyile@kznhealth.gov.za

						ry tot by 4 rigting stop. Ry reguit, die hospitaal is aan die linkerkant		
<u>Christ the King Hospitaal</u>	Distrik	238	Me L Mthembu (acting)	Privaatsak X542 Ixopo 3276	Peter Hauff-rylaan, Ixopo	Nader Ixopo uit die suide op R612 (P22). Draai links in Peter Hauff-rylaan (D25) voor jy die dorp kry, en ry tot by hospitaal +- 700 m verder.	Tel: (039) 834 7500 Faks 086 539 2800	
<u>Church of Scotland Hospitaal</u>	Distrik	347	Mev B Dlomo	Privaatsak X502 Tugela Ferry 3010	Tugela Ferry	Op die Greytown pad deur Greytown en kyk uit vir teken wat sê Tugela Ferry. Draai daar links tot by die dorp Tugela Ferry. Winkels aan beide kant van die straat. Kyk uit vir aanwysingsbord aan jou linkerkant wat sê "Hospitaal."	Tel: (033) 493 1000 Faks: (033) 493 1124	bukeliwe.dlomo@kznhealth.gov.za
<u>Clairwood Hospitaal</u>	Gespesialiseerd Kronies	454	Dr NBL Gwala	Privaatsak X04 Mobenil 4060	Higginson Hoofweg 1, Mobeni	N2 Suid. Neem Higginsonhoofweg-afrit. Die hospital is aan die regterkant.	Tel: (031) 451 5000 Faks: (031) 462 1993	njabulo.gwala@kznhealth.gov.za
D								
<u>Don McKenzie Hospitaal</u>	Distrik	220	Mev T Khanyile	Posbus 27 Botha's Hill 3660	Zulu Reserve-weg 10, Botha's Hill.	Volg R103 vanaf Hillcrest. Draai regs by P528 (Zulu Reserve-weg). Hospitaal is aan die regterkant verby D826 in 'n straat sonder 'n naam.	Tel: (031) 777 1155 Faks: (031) 777 1717	tiny.khanyile@kznhealth.gov.za
<u>Doris Goodwin Hospitaal</u>	Gespesialiseerd (TB/MDR TB)	46	Mnr A Ndlovu	Posbus 32 Plessislaer 3216	Edendale-weg, Edendale	Ry oos met Edendale-weg. Vanaf Newport-	Tel: (033) 398 1038 Faks: (033) 398	andrew.ndlovu@kznhealth.gov.za

						rylaan, ry vir 2,5 km. Ingang na hospitaal aan die linkerkant voor Hospitaal-weg. Draai ling en volg die regterbaan tot by die hospitaal.	1050	
<u>Dundee Hospitaal</u>	Distrik	224	Mev HSL Khanyi	Privaatsak X2011 Dundee 3000	Mckenzie-straat 121, Dundee 3000	Vanaf N11 neem R68 tot by Dundee. Volg tekens tot by hopitaaleenheid in Mckenzie-straat. Hospitaal aan die linkerkant.	Tel: (034) 212 1111 Faks: (034) 212 3245	suban.khan@kznhealth.gov.za
<u>Dunstan Farrell Hospitaal</u>	Distrik	180	Dr L Chiposi (waarnemend)	Privaatsak X2 Hibberdene 4240	Deel van die plaas Mayo, Hibberdene	Vanaf N2 neem die Hibberdene-afrit. Draai regs by P3 na Hibberdene vir +- 1.8 km. Draai regs by Brand-straat. Draai by P286. Ry vir +- 9,5 km. Draai regs en volg pas na hospital.	Tel: (039) 699 1465 Faks: (039) 699 1477	linda.chiposi@kznhealth.gov.za
E								
<u>Edendale Hospitaal</u>	Streeks-hospitaal	874	Mev ZSI Ndwandwe	Privaatsak X509 Plessislaer 3216	Hoofweg, Edendale	Ry oos met Edendale-weg. Vanaf Newport-rylaan, ry vir 2,5 km. Ingang na hospitaal aan die linkerkant voor Hospitaal-weg.	Tel: (033) 395 4911 Faks:(033) 395 4060	zanele.ndwandwe@kznhealth.gov.za
<u>EG en Usher Gedenk-Hospitaal</u>	Distrik	205	Me N Binase	Privaatsak X506 Kokstad 4700	Hoek van The Avenue en Elliot-straat, Kokstad	Nader Kokstad vanuit die ooste. Volg R617 en draai links na Matatiele R56. +- 500 m draai links, hospital is aan die linkerkant.	Tel: (039) 797 8100 Faks: (039) 727 2564	nomawethu.binase@kznhealth.gov.za

<u>Ekombe Hospitaal</u>	Distrik	210	Me PL Ntuli (waarnemend)	Privaatsak X203 Kranskop 3268	Ekombe gebied	Vanaf Kranskop neem P16 na Qhudeni. Ry vir +- 26 km en kruis die Tugela-rivier by Jameson's drif. Ry vir 26 km. Die hospital is aan die die regterkant.	Tel: (035) 834 8000 Faks: (035) 834 8012	lindiwe.ntuli@kznhealth.gov.za
